Ark Blitz

Ken jy die geloofsbelydenis?

Les 28 – **ONS KYK VORENTOE**

Maats lees: Num 13:1-33 en 14:1-25

Die Here se kinders, die Israeliete, was nou baie naby aan die land wat die Here aan hulle belowe het – die land Kanaän. Moses was baie regverdig. Elke stam (familiegroep) kon een van sy eie leiers stuur om die land te gaan verken. Een van hierdie leiers se naam was Hosea, maar Moses het hom Josua genoem. Die verkenners het Kanaän toe gegaan en daar 'n tros druiwe gekry wat so groot was dat twee mans dit aan 'n stok moes dra. Hulle het ook granate gepluk en saam met hulle teruggeneem. Ná 40 dae was hulle terug by Moses en die volk. Die meeste van die verkenners het gedink dit was onmoontlik om die land in te neem, want hulle was te bang vir die groot, sterk mense wat in Kanaän gewoon het. Hulle het die hele volk bang gepraat. Die volk, wat die hele pad van Egipte af tot daar getrek en die Here se leiding gevolg het, ja, die mense wat die tabernakel gebou het, om te verklaar die Here is by hulle, was nou so bang dat hulle 'n nuwe leier wou kies om hulle terug te neem Egipte toe. Die minderheid wou verder trek en die land Kanaän inneem, maar die meerderheid wou teruggaan Egipte toe. Toe word die Here kwaad. En as die Here kwaad word, is dit baie gevaarlik! Moses het tussen die Here en die volk gaan staan en Hom gesoebat om die volk asseblief nie dood te maak nie. Hy het vir die Here gesê die Egiptenaars sal sien Hy het sy volk tot daar gebring, maar net om hulle toe daar in die woestyn dood te maak. Dan sal hulle sê die Here was nie sterk genoeg om hulle teen die mense van Kanaän te laat wen nie. Moses het ook vir die Here gevra om hulle asseblief te vergewe, want Hy is lankmoedig en vol liefde, die Een wat vergewe. Die Here het toe ingestem, máár … Hy het sy volk 'n duur les geleer. Hulle sou vir elke dag wat die verkenners die land ondersoek het een jaar in die woestyn rondtrek voordat hulle in land Kanaän sou kon inneem. Hoe lank was dit? Veertig dae het nou veertig jaar geword. Dit het beteken al die grootmense sou dan al dood wees; net die kinders, wat dan al groot sou wees, sou die land kon inneem. Ons weet ook die Here Jesus is almagtig. Hy het die sterkste vyand – die dood – oorwin. Hy het weer lewend geword. Wanneer ons van Hom vergeet en bang word, sal ons ook moed verloor. Miskien is daar probleme in jou lewe. Dalk is daar dinge wat jou so bang maak soos groot reuse. Die Here stuur ons elke keer terug na die Bybel om te gaan lees hoe groot en sterk en magtig Hy is. Wanneer ons groot problem voor ons sien, is dit goed om in die Bybel te lees dat die Here groter en sterker as al ons probleme is. Ons kan regtig op Hom vertrou.